AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Besigheidsanalis*

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans ŉ voltydse pos vir ŉ analis in die Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT)-afdeling beskikbaar. Hierdie pos sal in Centurion gebaseer wees.

## POSDOELSTELLING

Die besigheidsanalis speel ŉ belangrike rol in die begrip, ontwerp, dokumentering en verbetering van IKT-verwante prosesse, integrasies en outomatisering. Die posbekleër sal hoofsaaklik saam met die IKT-span werk, maar sal ook ander afdelings ondersteun om hul prosesse te optimaliseer en om seker te maak dat data en stelsels effektief met mekaar praat. Die rol sluit in behoefteinsameling, prosesontwerp, datavloeibestuur, integrasieontleding, -toetsing en -ondersteuning tydens implementering.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Versamel tegniese en besigheidsvereistes vir integrasies, data-oordragte en proses-outomatisering.
- Skakel hoëvlakbehoeftes van afdelings om na duidelike, uitvoerbare vereistes wat relevant is vir integrasie en digitalisering.
- Bied oplossings vir digitalisering, datasigbaarheid en verbetering van datavloei tussen stelsels.
- Ontwikkel of ondersteun met die opstel van toetsplanne vir integrasies, data-oordragte, API-endpunte en outomatiseringsprosesse.
- Fasiliteer werksessies met rolspelers om probleemareas, prosesse en veranderingseise uit te klaar.
- Koördineer gebruikersaanvaardingstoetsing (UAT).
- Toets integrasies/outomatisering funksioneel en bevestig dat data korrek, volledig en akkuraat verwerk word.
- Werk saam met IKT om stelselveranderinge, migrasies en opdaterings te ondersteun.
- Help met die opstel van gebruikersgids, SOP's en kort opleiding vir afdelings.
- Monitor nuwe integrasies en outomatiseringsprosesse ná uitrol en help met iterasies.

## POSVEREISTES

- ŉ graad in Informatika, Bedryfsadministrasie, Besigheid/IT, Rekenaarwetenskap, Projekbestuur of verwante veld (NKR-vlak 7)
- drie tot vyf se ervaring in ŉ IKT- analitiese rol (bv. BA, data/IT-ondersteuning, prosesontwerp

## VAARDIGHEDE

- basiese blootstelling aan NodeJS en soortgelyke programmeertale
- inleiding tot AWS (bv. Lambda, API Gateway, EventBridge)
- basiese SQL-navrae en databasisbegrippe
- goeie begrip van hoe API's werk (REST en SOAP)
- blootstelling aan MS Power-toeps en eenvoudige prosesoutomatisering
- begrip van Agile-/SCRUM-beginsels
- effektiewe probleemoplossing
- professionele kommunikasie
- effektiewe tyds- en prioriteitsbestuur
- vermoë om in ŉ span te werk
- aanpasbaarheid en leervermoë, gemaklik met nuwe tegnologieë
- begrip van hoe bronbeheer werk (bv. GitHub)

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 23 Februarie 2025 ingedien word.** Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.